**AAN DIE LEDE VAN**

**DIE HUMANSDORPSE LANDBOU KOÖPERASIE BEPERK**

Kennis geskied hiermee dat 'n Algemene Jaarvergadering ("**AJV**") van lede van Die Humansdorpse Landbou Koöperasie Beperk ("**Die Koöperasie**") gehou sal word te Mentorskraal, h/v N2 Jeffreysbaai Hoofafrit & St Francisstraat, Jeffreysbaai, op **28 Maart 2025** om **10:00**, om al die besluite soos uiteengesit in die Kennisgewing van die AJV, te oorweeg en, indien dit goedgekeur word, met of sonder wysiging te aanvaar.

Lede word aangemoedig om volmagte voor die vergadering in te dien.

Indien daar enige teenstrydigheid bestaan tussen die Afrikaanse en Engelse weergawes van die sakelys, sal die Engelse weergawe voorrang geniet en as geldend beskou word.

Die doel van die vergadering is tweeledig: eerstens, om sekere sake wat vir besluitneming moet dien op die AJV ter tafel te lê vir besluitneming; tweedens, om sekere besluite aan te neem wat verband hou met die samesmelting ("**Samesmelting**") met Sentraal-Suid Koöperasie Bpk ("**SSK**") en om vir hierdie doel (i) 'n wysiging van die Grondwet van Die Koöperasie aan te bring, (ii) 'n wysiging van die ooreenkoms met SSK ten opsigte van die Samesmelting goed te keur en (iii) die oorname deur SSK van die verskuldigdheid van Die Koöperasie aan Nedbank en die Landbank onderskeidelik goed te keur, in elkeen van die gevalle by wyse van spesiale besluit, aangevul deur gewone besluit waar toepaslik.

Die Kennisgewing van die AJV is beskikbaar op Die Koöperasie se webwerf: https://www.humkoop.co.za. Die wysigingsooreenkoms soos na verwys in die besluite onder 8.1 en 9.5 hieronder, die vervangende Grondwet soos na verwys in die besluit onder 8.2 hieronder (getiteld *Vervangende Grondwet*) asook die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024 van Die Koöperasie en sy filiale ("**die Groep**"), sal aan lede beskikbaar gemaak word op hulle individuele profiele op die lede-platform.

**<u>SAKELYS</u>**

1. Opening

2. Konstituering van Vergadering

3. Mosie van roubeklag

4. Goedkeuring van Notules van vorige Vergadering/s

   4.1 Goedkeuring van die Notule van 'n Spesiale Algemene Vergadering:

   **MOSIE:** Dat die notule van die Spesiale Algemene Vergadering van Die Koöperasie gehou op 10 Mei 2024, goedgekeur word.

5. Verslag van die Voorsitter van Die Koöperasie.

6. Verslag van Die Koöperasie Direksie.

7. Verslag van die ouditeure van Die Koöperasie.

8. Spesiale Besluite.

***Neem kennis dat die besluite onder 8.1, 8.2, 8.3 en 8.4 spesiale besluite is en derhalwe moet twee derdes van 'n behoorlik gekonstitueerde Algemene Vergadering ten gunste van die betrokke mosie stem alvorens dit as 'n besluit aanvaar kan word.***

8.1 **SPESIALE BESLUIT 1 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Goedkeuring van gewysigde bepalings van die samesmeltingsooreenkoms gedateer 27 November 2023, soos goedgekeur deur die lede by wyse van 'n spesiale besluit geneem op 12 Desember 2023 ("die Samesmeltingsooreenkoms"), welke gewysigde bepalings vervat word in 'n wysigingsooreenkoms soos bedoel in Gewone Besluit 5 ("die Wysigingsooreenkoms") hieronder, soos ter tafel gelê en verder voorgestel deur Die Koöperasie Direksie aan die lede soos vervat in Aanhangsel A hiertoe.**

**MOSIE:** Dat die gewysigde bepalings van die Samesmeltingsooreenkoms goedgekeur word deur die lede; met dien verstande dat sodanige gewysigde bepalings by goedkeuring daarvan deur die lede uit hoofde van hierdie Spesiale Besluit 1 bindend is op al die lede van Die Koöperasie (insluitend lede wie se lidmaatskap beëindig is maar wat regte ingevolge die Grondwet van Die Koöperasie behou het).

***Rede vir en effek van Spesiale Besluit 1***
*Die rede vir Spesiale Besluit 1 is dat, sedert die goedkeuring van die Samesmeltingsooreenkoms deur die lede by die Spesiale Algemene Vergadering van lede gehou op 12 Desember 2023, omstandighede dusdanig verander het dat wysigings van die Samesmeltingsooreenkoms genoodsaak word. Die bepalings van die Wysigingsooreenkoms soos uiteengesit in Aanhangsel A hiertoe vereis goedkeuring deur die lede. Die effek van Spesiale Besluit 1 is dat die lede sodanige goedkeuring verleen.*

8.2 **SPESIALE BESLUIT 2 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Wysiging van die Grondwet van Die Koöperasie.**

Spesiale Besluit 2 sal slegs dien vir oorweging indien die mosie vir Spesiale Besluit 1 aanvaar word, en is ter aanvulling van die algemene goedkeuring, soos bedoel in Spesiale Besluit 1, van die tersaaklike wysigings vervat in die Wysigingsooreenkoms.

**MOSIE:** Dat, soos voorgestel deur Die Koöperasie Direksie, die Grondwet van Die Koöperasie gewysig word deur algehele vervanging daarvan met die gewysigde grondwet ("**Vervangende Grondwet**") [beskikbaar gemaak aan lede op die platform (in gewysigde formaat) en welke ook dien as Skedule (*Schedule*) 1 tot die Wysigingsooreenkoms (in welke weergawe onderstreepte teks dui op invoegings tot die bestaande Grondwet en deurgehaalde teks dui op skrappings uit die bestaande Grondwet)] met onmiddellike effek vanaf die datum van goedkeuring en aanvaarding van hierdie mosie.

***Rede vir en effek van Spesiale Besluit 2***
*Die redes vir Spesiale Besluit 2 is dat die Grondwet van Die Koöperasie, soos goedgekeur deur die lede by die Spesiale Algemene Vergadering van lede gehou op 12 Desember 2023, gewysig moet word, om voorsiening te maak vir en te strook met die gewysigde bepalings van die Samesmeltingsooreenkoms soos bedoel in Spesiale Besluit 1 hierbo. Die Koöperasie Direksie stel voor dat, ten einde dusdanige wysigings aan te bring, dit doelmatig is om die Vervangende Grondwet aan te neem. In terme van die Grondwet van Die Koöperasie sowel as die Koöperasiewet, 2005, moet die wysiging van die Grondwet gemagtig word by wyse van 'n spesiale besluit. Die effek van Spesiale Besluit 2 is dat die Grondwet gewysig word deur algehele vervanging daarvan met die Vervangende Grondwet [beskikbaar gemaak aan lede op die platform (in gewysigde formaat) en welke ook dien as Skedule* (Schedule) *1 tot die Wysigingsooreenkoms (in welke weergawe onderstreepte teks dui op invoegings tot die bestaande Grondwet en deurgehaalde teks dui op skrappings uit die bestaande Grondwet)], met onmiddellike effek vanaf die datum van goedkeuring en aanvaarding van hierdie mosie.*

8.3 **SPESIALE BESLUIT 3 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Goedkeuring van die oorname deur SSK van die verskuldigdheid van Die Koöperasie aan Nedbank en die Landbank onderskeidelik.**

**MOSIE**: Dat die oorname deur SSK van die verskuldigdheid van Die Koöperasie aan Nedbank en die Landbank onderskeidelik goedgekeur word.

***Rede vir en effek van Spesiale Besluit 3***
*Die rede vir Spesiale Besluit 3 is dat dit doelmatig is, in lig van die Samesmelting, dat die verskuldigdheid van Die Koöperasie aan sy twee grootste skuldeisers, naamlik Nedbank en die Landbank, deur SSK oorgeneem word. Die Wysigingsooreenkoms maak voorsiening daarvoor en Die Koöperasie Direksie is van mening dat dit doelmatig is dat sodanige oorname van skuld afsonderlik goedgekeur word deur die lede. Die effek van Spesiale Besluit 3 is dat die oorname deur SSK van die verskuldigdheid van Die Koöperasie aan Nedbank en die Landbank onderskeidelik goedgekeur word.*

8.4 **SPESIALE BESLUIT 4 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Omskepping van Die Koöperasie in 'n privaat maatskappy soos bedoel in die Maatskappyewet, 2008, op die terme en voorwaardes van die gewysigde bepalings van die Samesmeltingsooreenkoms.**

Spesiale Besluit 4 sal slegs dien vir oorweging indien die mosies vir Spesiale Besluite 1, 2 en 3 aanvaar word, en is ter aanvulling van (i) die goedkeurings soos bedoel in Spesiale Besluite 1, 2 en 3 hierbo, en (ii) Spesiale Besluit 4 aanvaar deur die lede van Die Koöperasie op die Spesiale Algemene Vergadering gehou op 12 Desember 2023.

**MOSIE:** Dat op die tydstip en op die terme en voorwaardes van die gewysigde bepalings van die Samesmeltingsooreenkoms, Die Koöperasie omskep word in 'n privaat maatskappy soos bedoel in die Maatskappywet, 2008, ingevolge die bepalings van die Koöperasiewet, 2005, te wete dat sodanige privaat maatskappy geregistreer word en gelyktydig daarmee die registrasie van Die Koöperasie gekanselleer word; met dien verstande dat Spesiale Besluit 4 geldend en van volle krag en effek sal bly vanaf die datum van die aanvaarding daarvan totdat die omskepping soos voormeld afgehandel is.

***Rede vir en effek van Spesiale Besluit 4***
*Deur aanvaarding van Spesiale Besluite 1, 2 en 3, sal die lede van Die Koöperasie ook die voorstelle van Die Koöperasie Direksie soos uiteengesit in Aanhangsel A hiertoe (gesamentlik genoem "**die Voorstel**") aanvaar by wyse van spesiale besluit soos bedoel in artikel 62(3) van die Koöperasiewet, 2005. Die rede vir Spesiale Besluit 4 is dat (i) die meganisme van die Voorstel behels dat Die Koöperasie in die toekoms omskep word in 'n privaat maatskappy, waarin SSK die aandele bekom vanaf die voormalige lede, d.w.s., lede net voor die omskepping van Die Koöperasie, vir die doeleindes van die Samesmelting, en (ii) in terme van die Koöperasiewet, 2005, moet sodanige omskepping goedgekeur word deur die lede by wyse van spesiale besluit. Die effek van Spesiale Besluit 4 is om die vermelde omskepping te magtig, op die tydstip en op die terme en voorwaardes van die gewysigde bepalings van die Samesmeltingsooreenkoms.*

9. Gewone Besluite

***Neem kennis dat die besluite in terme van 9.1 tot 9.6 gewone besluite is en dus vereis dat 'n gewone meerderheid van 'n behoorlik saamgestelde Algemene Vergadering ten gunste van die betrokke mosie moet stem voordat dit as 'n besluit aanvaar kan word.***

9.1 **GEWONE BESLUIT 1 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Goedkeuring van die verslag van Die Koöperasie Direksie.**

**MOSIE:** Dat die verslag van Die Koöperasie Direksie goedgekeur word.

***Rede vir en effek van Gewone Besluit 1***
*Die doel van Gewone Besluit 1 is om die verslag van Die Koöperasie Direksie ten aansien van die sake van Die Koöperasie gedurende die voorafgaande finansiële jaar, goed te keur soos vereis in terme van artikel 29(2)(b) van die Koöperasiewet, 2005.*

9.2 **GEWONE BESLUIT 2 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Goedkeuring van die verslag van die ouditeure van Die Koöperasie en van die gekonsolideerde finansiële state vir Die Groep vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024.**

**MOSIE:** Dat die verslag van die ouditeure van Die Koöperasie en die gekonsolideerde finansiële state vir Die Groep vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024 goedgekeur word.

***Rede vir en effek van Gewone Besluit 2***
*Die doel van Gewone Besluit 2 is om die verslag van die ouditeure van Die Koöperasie en die gekonsolideerde finansiële state vir Die Groep vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024, goed te keur soos vereis in terme van artikel 29(2)(c) van die Koöperasiewet, 2005.*

9.3 **GEWONE BESLUIT 3 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Goedkeuring van direkteursvergoeding.**

**MOSIE:** Dat die volgende *honoraria* goedgekeur word vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025:

| | |
|---|---|
| Voorsitter van Die Koöperasie Direksie | R212 080 |
| Onder-voorsitter van Die Koöperasie Direksie | R155 000 |
| Lede van komitees van Die Koöperasie Direksie | R106 050 |
| Ander direkteure van Die Koöperasie (uitgesluit addisionele direkteure) | R 97 880 |

***Rede vir en effek van Gewone Besluit 3***
*Die doel van Gewone Besluit 3 is om die honoraria van direkteure goed te keur soos vereis in terme van artikel 53(5) van die Grondwet.*

9.4 **GEWONE BESLUIT 4 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Aanstelling van ouditeure.**

**MOSIE**: Dat Deloitte & Touche aangestel word as ouditeure vir Die Koöperasie vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

***Rede vir en effek van Gewone Besluit 4***
*Die doel van Gewone Besluit 4 is om Deloitte & Touche aan te stel as ouditeure vir Die Koöperasie soos vereis in terme van artikel 29(2)(a) van die Koöperasiewet, 2005.*

9.5 **GEWONE BESLUIT 5 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Goedkeuring van die ondertekening van die ooreenkoms ter wysiging van die Samesmeltingsooreenkoms.**

Gewone Besluit 5 sal slegs dien vir oorweging indien die mosies vir Spesiale Besluite 1 en 2 aanvaar word.

**MOSIE**: Dat die ondertekening deur Nigel Jonathan Lok, namens die lede van Die Koöperasie, van die ooreenkoms ter wysiging van die Samesmeltingsooreenkoms goedgekeur en geratifiseer word.

***Rede vir en effek van Gewone Besluit 5***
*Die rede vir Gewone Besluit 5 is dat by die spesiale vergadering van lede gehou op 12 Desember 2023 die lede goedgekeur het dat enige persoon aangewys deur Die Koöperasie Direksie gemagtig word om handelinge te verrig wat vereis mag word, onder andere, ter wysiging van die Samesmeltingsooreenkoms. Vir hierdie doel het Die Koöperasie Direksie Nigel Jonathan Lok aangewys*

*om die ooreenkoms ter wysiging van die Samesmeltingsooreenkoms namens die lede te onderteken. Die Koöperasie Direksie is van mening dat dit doelmatig is dat die lede sodanige aanwysing van Nigel Jonathan Lok, en die gevolglike ondertekening van die wysiging van die Samesmeltingsooreenkoms namens die lede, goedkeur en ratifiseer. Die effek van Gewone Besluit 5 is dat sodanige ondertekening deur Nigel Jonathan Lok, van die ooreenkoms ter wysiging van die Samesmeltingsooreenkoms namens die lede, goedgekeur en geratifiseer word deur die lede.*

9.6 **GEWONE BESLUIT 6 VAN DIE ALGEMENE VERGADERING VAN LEDE**
**Implementering van Spesiale Besluite en Gewone Besluite en magtiging verleen aan Die Koöperasie Direksie.**

**MOSIE:** Dat enige persoon of persone aangewys deur Die Koöperasie Direksie gemagtig word om alle handelinge te verrig wat nodig mag wees vir die implementering van, en om uitvoering te gee aan, enige van die Spesiale Besluite goedgekeur in terme van 8.1, 8.2, 8.3 en 8.4 hierbo en Gewone Besluit goedgekeur in terme van 9.5 hierbo, insluitend om alle ooreenkomste en dokumente te onderteken, met of sonder modifikasie, wat in sodanige besluite vermeld en/of in vooruitsig gestel word en alle sodanige handelinge te verrig, met of sonder modifikasie, wat vereis mag word ten einde uitvoering te gee aan die regte en verpligtinge van die lede in terme van die Samesmeltingsooreenkoms soos gewysig in terme van die Wysigingsooreenkoms, insluitende die wysiging van die Grondwet van Die Koöperasie, en om namens lede enige verdere wysiging tot of ooreengekome kansellasie van die Samesmeltingsooreenkoms, soos gewysig in terme van die Wysigingsooreenkoms, te onderteken.

***Rede vir en effek van Gewone Besluit 6***
*Die rede vir en effek van Gewone Besluit 6 is om magtiging te verleen aan enige persoon of persone aangewys deur Die Koöperasie Direksie om alle aksies te neem wat nodig mag wees vir die implementering en uitvoering van enige van die Spesiale Besluite in 8.1, 8.2, 8.3 en 8.4 en die Gewone Besluit in 9.5 wat deur die lede in terme van hierdie sakelys aanvaar is, asook om namens lede enige wysiging tot of ooreengekome kansellasie van die Samesmeltingsooreenkoms, soos gewysig in terme van die Wysigingsooreenkoms, te onderteken.*

10. Algemeen

______________________________

**NJ LOK**
**VOORSITTER:**
**RAAD VAN DIREKTEURE**
**13 Maart 2025**